# Klaringsagent in hof vir bedrog teen SARS en invoerders

**Tshwane, 3 Augustus 2022** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis van die verskyning van 'n klaringsagent en sy medebeskuldigde in die Durbanse Kommersiële Misdaadhof op 28 Julie 2022 vir 'n doeane en aksyns-verwante aangeleentheid. Die twee is aangekla vir bedrog van meer as R2 miljoen teen SARS en hulle kliënte. Die saak is uitgestel tot 20 Oktober 2022.

Jayson Perumal (43) van Dynamic Freight, en Reshlan Pillay (38) is aangekla van bedrog en verskeie oortredings van die Wet op Doeane en Aksyns. Beide aangeklaagdes is op borgtog vrygelaat.

Dit word beweer dat Reshlan Pillay wat 'n klaringsagent en ook direkteur van Potenza Capital is, doeane-inklarings geprosesseer het in samewerking met Jayson Perumal van Dynamic Freight wat names verskeie invoerders opgetree het. Potenza Capital het na bewering vals dokumente by SARS ingedien, waar die waarde van goedere, die goedere self, en die invoerders se besonderhede vervals is, wat gelei het tot minimum regte en BTW wat aan SARS oorbetaal is.

SARS is bewus van hierdie soorte bedrog en waarsku klaringsagente dat hulle die volle mag van die gereg sal ervaar wanneer hulle gevang word. Terselfdertyd, wil SARS ook die publiek waarsku, veral invoerders, om waaksaam te wees wanneer hulle met klaringsagente sake doen. Hulle moet bewus wees van die korrekte regte en BTW wat betaal moet word en verseker dat sodanige bedrae werklik aan SARS oorbetaal is. Ingevolge die Wet op Doeane en Aksyns, is die invoerder uiteindelik verantwoordelik vir die regte en BTW wat aan SARS betaalbaar is.

Invoerders moet aandring op bewyse van hulle betalings aan SARS deur klaringsagente, ten opsigte van al hulle invoere. SARS het vasgestel dat sommige klaringsagente willenswetende die waarde van goedere onderverklaar met soveel as 90%, deur die vervalsing van invoerdokumente. Daar word egter beweer dat hulle die korrekte regte en BTW van hul kliënte geëis het, maar die minimum aan SARS oorbetaal het. Die klaringsagente het dan, na bewering, die verskil in hul sakke gesteek en kon sodoende lae tariewe vir hul dienste aanbied terwyl SARS en die invoerder bedrieg word.

Die invoerder word inteendeel twee keer benadeel wanneer SARS hierdie transaksies oudit en die korrekte bedrag hef vir regte en BTW wat deur die invoerder betaalbaar is. SARS is besorgd oor die bestek van hierdie slenter, aangesien ondersoeke na soortgelyke skemas, ter waarde van miljoene rande, tans ondersoek word in Gauteng en die Wes-Kaap.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het sy tevredenheid uitgespreek dat "SARS sy strategiese oogmerk uitleef om dit duur en moeilik te maak vir diegene wat kies om by misdaad betrokke te wees in hul handelinge met SARS". Onderwyl die aangeleentheid steeds onder oordeel is en die meriete daarvan nog moet bepaal word, het hy verder gesê dat "dit kritiesbelangrik is dat alle rolspelers omsigtig en eerlik moet optree in hul handelinge met SARS".

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.